

# Karaktersterktes herontdek in die sielkunde

*Character strengths rediscovered in psychology*

**CHRIZANNE VAN EEDEN**

Departement Psigologie, Noordwes Universiteit,  
VanderbijlPark

e-pos: chrizanne.vaneeden@nwu.ac.za



Chrizanne van  
Eeden

Marié P. Wissing

**MARIÉ P. WISSING**

Departement Psigologie, Noordwes Universiteit,  
Potchefstroom

**CHRIZANNE VAN EEDEN** het 'n PhD in Sielkunde en is 'n senior dosent in psigologie aan die Noordwes Universiteit (Vaaltriehoekampus). Haar navorsing en studieleiding aan nagraadse studente fokus op die begrip, meting, voorkoms en bevordering van psigologiese welsyn en sterktes in mense (psigofortologie) asook ander aspekte van die positiewe sielkunde vakgebied. Sy het onder andere 'n kurrikulum vir voorgraadse onderrig in positiewe sielkunde (sterktes en veerkragtigheid in mense) ontwikkel en is 'n gasdosent vir doktorsale studente aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit. Sy was een van die organiseerders van die First South African Positive Psychology Conference in 2006. Sy het verskeie internasionale kongresreferate gelewer en publikasies in vaktydskrifte gehad, almal met betrekking tot die vakgebied van positiewe sielkunde.

**CHRIZANNE VAN EEDEN** holds a PhD in psychology and is a senior lecturer in psychology at the North-West University (VaalTriangle campus). Her research and promotion of the studies of post-graduate students focus on the understanding, measurement, prevalence and promotion of psychological well-being and strengths in people (psychofortology), as well as other aspects of positive psychology. She developed amongst others, a curriculum for the undergraduate teaching of positive psychology (strength and resilience in people) and is an invited lecturer for doctoral students at a South African university. She was one of the organisers of the South African Positive Psychology Conference in 2006. She has presented various papers at international conferences and has publications in scientific journals, all relating to the field of positive psychology.

**MARIÉ WISSING** is professor in Psigologie en Direkteur van die Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe aan die Noordwes Universiteit (Potchefstroom Kampus). Haar navorsing fokus is op die verstaan, meting, prevalensie en bevordering van psigologiese welsyn en sterktes in die konteks van bio-psigo-sosiale gesondheid. Sy is 'n NRF-gegradeerde navorser, en 'n lid van die Africa Unit for Transdisciplinary Health Research (AUPHeR). Haar navorsingsprogram in Psigofortologie (i.e. die wetenskap van psigologiese sterktes) sluit verskeie groot spannavorsingsprojekte in wat baie studente en nasionale en internasionale kollegas insluit. Sy het kurrikula vir onderrig in Positiewe Sielkunde in Suid-Afrika ontwikkel, was 'n besoekende professor of genooide dosent aan verskeie universiteite in Suid-Afrika en in Europa, en dien op die redaksies van wetenskaplike tydskrifte. Sy het die Stalpsrys vir

**MARIÉ WISSING** is professor in Psychology and Director of the School for Psychosocial Behavioral Sciences at the North-West University, Potchefstroom, South Africa. Her research interests are the understanding, measurement, prevalence and promotion of psychological well-being and strengths in the context of bio-psycho-social health. She is a NRF rated researcher, and a member of the Africa Unit for Trans-disciplinary Health Research (AUPHeR). Her research program in Psychofortology (i. e. the science of psychological strengths) includes several large team research projects including many students and national and international colleagues. She developed curricula for teaching of Positive Psychology in South Africa, was a visiting professor or invited lecturer at several universities in South Africa and Europe, and serves on the editorial boards of disciplinary journals. She

Sielkunde in 2003 ontvang van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, en is in 2004 vereer vir haar bydrae tot werkswelsyn by die South African Work Wellness Conference. Sy was een van die leiers vir die organisering van die First South African Positive Psychology Conference in 2006. Sy is benoem op die Board of Directors van die International Positive Psychology Association (IPPA) wat in 2007 gestig is.

received the Stals prize for Psychology in 2003 from the South African Academy of Science and Art, and a reward for contribution to work wellness in 2004 at the South African Work Wellness Conference. She was one of the leaders in the organization of the First South African Positive Psychology Conference in 2006. She is a member of the Board of Directors of the International Positive Psychology Association (IPPA) established in 2007.

## ABSTRACT

### ***Character strengths rediscovered in psychology***

*In this article, we analyze the constructs “character” and “character strengths” as important concepts in psychology in general and positive psychology in particular. The character concept has had a long history in psychology since the 1920’s, but lost its theoretical and empirical importance some decades thereafter in favour of the concept of personality.*

*The (moral-philosophical) concept “character” has evaded empirical scrutiny in the early years of psychology as a discipline and this has led to its exclusion from mainstream psychology. The emerging perspective of positive psychology however, has resurrected the character concept and operationalized it in terms of character strengths. The character strengths model of Peterson and Seligman (2004), introduces 24 manifestations of character, clustered into six groups of virtues namely, wisdom, courage, humanity, justice, temperance and transcendence. Peterson and Seligman (2004), developed the Values in Action Classification of Strengths as a system in which distinctions are made between virtues, strengths and enabling themes. Virtues are core characteristics valued by moral philosophers universally and strengths are less abstract psychological characteristics that serve as routes for achieving virtues. Enabling themes are factors that lead people to manifest given character strengths in given situations and hence contribute to virtues. Talents and abilities (e.g. intelligence) and characteristics not valued across cultures, were excluded from the classification system (Carr, 2004). The 24 strengths associated with 6 virtues can be assessed with the Values in Action Inventory of Strengths (VIA-IS) or the VIA-IS for youth (VIA-Y), both self-report questionnaires. The VIA-IS can be accessed at <http://www.positive-psychology.org/viastrengthsinventory.htm>.*

*The character strength subscales of the VIA-IS all have good reliability in USA-studies, and the inventory is in further validation.*

*The character strengths idea plays an important role in the new domain of positive psychology, and holds much promise for practice and research aimed at understanding and promoting psychological well-being and fulfilment of individuals and communities. According to Peterson and Seligman (2004), their research found a remarkable similarity in the relative endorsement of the 24 character strengths by adults around the world and from the USA. The most commonly endorsed strengths in 54 countries are kindness, fairness, authenticity, gratitude and open-mindedness, and the lesser strengths consistently include prudence, modesty and self-regulation. The correlations of the rankings from nation to nation, are strong (0.80+), = indicating more cultural, ethnic, religious and economic similarities than differences, and seemingly points to a universality of human nature as manifested by character strengths. In South Africa however, a more emic factor pattern emerged indicating an African collective-cultural system. Further research on this model and validation of measures thereof, is necessary in the South African context that includes cultural diversities not previously taken into account.*

*As far as practical application is concerned the character strengths model could enhance the practice fields of developmental- and child psychology, clinical- and therapeutic psychology, educational psychology, industrial- and organizational psychology, health psychology, geriatric psychology, forensic psychology, pastoral- and community psychology and social psychology. Of the three pillars of positive psychology namely, positive subjective experiences (happiness, pleasure, gratification, fulfilment); positive individual traits (strengths of character, talents, interests, values) and positive institutions (families, schools, businesses, communities, societies) (Seligman & Csikszentmihalyi, 2000), the second one presents the application context for the development and enhancement of character strengths. Constructs included in the character strengths model, for example gratitude, hope, self-regulation, etc. are being applied in various contexts, phases of life, type of interventions, as well as for remediation of pathology and for promotion of flourishing and research in this regard is ongoing. Further empirical studies in this regard are necessary, specifically in the South African context.*

**KEY CONCEPTS:** Virtues, character, character strengths, positive psychology, psychofortology, Values in Action, VIA-IS

**TREFWOORDE:** Deugde, karakter, karaktersterktes, positiewe sielkunde, psigofortologie, Values in Action, VIA-IS

### **OPSOMMING**

In hierdie artikel ontleed ons die konstrakte “karakter” en “karaktersterktes” as belangrike konsepte in sielkunde in die algemeen en in positiewe sielkunde in die besonder. Die karakterkonsep het ’n lang geskiedenis in die sielkunde gehad, gekenmerk deur kom-en-gaan tendense. Die belangrikheid en relevansie van die teoretiese konsep kon nooit suksesvol weerlê word nie, maar die feit dat so ’n abstrakte verskynsel soos karakter nie empiries ondersoek is nie, het gelei tot die uitsluiting daarvan uit hoofstroom sielkunde/psigologie. Die opkomende sub-dissipline van positiewe sielkunde het egter die karakterkonsep weer na vore gebring en dit empiries meetbaar gemaak in karaktersterktes as psigologiese eienskappe. Die karaktersterktesmodel van Peterson en Seligman (2004) sluit 24 manifestasies van karakter (karaktersterktes) in, vervat in ses groepe waardes. Hierdie model verteenwoordig ’n kernkonstruk van die positiewe sielkunde en hou baie belofte in vir navorsing en praktiese toepassing wat toegespits is op die begrip en bevordering van psigologiese welstand en lewensvervulling van individue en gemeenskappe. Verdere navorsing oor die betroubaarheid en geldigheid van die model in die Suid-Afrikaanse konteks is noodsaaklik. Sodanige navorsing kan die uitbou van die teoretiese grondslae van die karaktersterkteskonstruk en –model bevorder, veral met inagneming van kultuurdiversiteit.

### **1. KARAKTERSTERKTES: ’N HISTORIESE OORSIG**

Soos ander wetenskappe het die sielkunde ook ontwikkel vanuit ’n filosofies-teoretiese posisie (Kuhn 1970), waar empiriese bewyse vir psigologiese verskynsels nog ontbreek het en teorieë soos dié van Freud, Jung en die psigoanalitiese perspektiewe, spekulatief en filosofies-verklarend tot stand gekom het. In hierdie tydperk was karakter ’n prominente konsep binne die sielkunde en het skrywers soos Shand (1914) se *The foundations of character*, Roback (1931) se *The psychology of character* en veral Reich (1933) se *The character analysis*, groot deurbrake gemaak. Karakter is beskryf as die kenmerke van persoonlikheid wat uitstaan wanneer kognitiewe, affektiewe en fisieke aspekte nie ’n rol speel nie, en wat dus in wilsaspekte (volitional) en inhererende aspekte van gedrag na vore kom (Roback 1931 & 1951:160). Reich (1933:xiii & xxv) het karakter enersyds beskou as die eiesoortige gedrag van die individu wat hom beskerm teen onbewuste inhoude in die persoonlikheid, en andersyds as die uitlewing van geïnternaliseerde sosio-kultureel-ekonomiese

waardes van die tyd.

Wat besonder interessant is, is dat beide Roback (1931:156) en Reich (1933:xxiii) so lank gelede al aangetoon het dat karakter die somtotaal is van alle eienskappe wat 'n persoon uniek maak en waarin mense duidelik verskil. Dit resoneer later in Peterson en Seligman (2004:12) en Seligman (2002:160) se beklemtoning dat karaktersterktes en veral unieke sterktes (signature strengths) eie is aan die individu en dat individuele verskille hierin sal voorkom.

Hoewel die werk van Roback en Reich sterk gestaan het in die Strukturalisme en Funksionalisme van hul tyd en beide aanspraak gemaak het op die wetenskaplikheid van hul teoretiese perspektiewe, het die sielkunde van tóé 'n sterk morele inslag gehad. Veral Roback (1931:160-162) het daarin geslaag om die morele en normatiewe aard van karakterwetenskap te verantwoord, maar dit het nie stand gehou teen die kritiek wat vanuit die Behaviorisme en later ook uit die persoonlikheidsielkunde of personologie gekom het nie. Die felste kritiek en die meeste invloed vir die verwydering van karakterologie uit die wetenskapveld van die sielkunde het gekom van Gordon Allport wat beskou word as die vader van die personologie. Allport (1937:52) skryf:

Character is personality evaluated and personality is character devaluated. Since character is an unnecessary concept for psychology, the term will not appear again in this volume, excepting in quotations from other writers, or in a clear historical context.

Hierop het Roback (1951:499) geantwoord deur tot die slotsom te kom dat persoonlikheid die mens oor die algemeen is, en karakter persoonlikheid is soos wat dit voorkom in gedifferensieerde mensheid. Karakterlose mense bestaan nie.

Hy waarsku ook dat as die karakterkonsep uit die wetenskapveld geban sou word, dit die een of ander tyd weer sou terugkeer "... forcing you to salute it, in some other guise" (1951:714).

In die vyf dekades (vanaf ongeveer 1940 tot 1990) van die vorige eeu het persoonlikheidsielkunde of personologie sterk posgevat en later selfs die wetenskapsterrein van die sielkunde oorheers (saam met aspekte van psigopatologie). "Karakter" as konstruk het vervaag tot 'n onderafdeling van personologie wat net te make het met 'n persoon se keuse en uitleef van waardes en norme (Meyer, Moore & Viljoen 2003:11). In Europa het die karakterkonsep meer prominent gebly soos gevind kon word in die persoonlikheidsteorie van Erich Fromm (1949, in Meyer et al. 2003:175) waarin hy karakter beskryf het as die verworwe komponent van persoonlikheid en verwys het na sosiale karakter en vyf karakertipes. Die karakterkonsep het egter nie 'n volwaardige teoretiese konstruk geword wat aan empiriese ondersoek onderwerp kon word nie.

In dieselfde tydperk het skrywers vanuit uiteenlopende perspektiewe begin kyk na aspekte van positiewe menslike funksionering, byvoorbeeld: William James se siening van gesonde denke (healthy mindedness) (Roth 1971:xiii); Jung (1971) se konsepte van individuasie en selfrealisering; Maslow (1973) se selfaktualiseringskonsep; Allport (1961) se begrip van volwassenheid; Rogers (1961) se beskrywing van die optimaal funksionerende persoon en Marie Jahoda (1958) se uiteensetting van komponente van psigiese gesondheid. Karakter het nie gefigureer in hierdie teoretiese beskouings nie, maar menslike sterktes is hieruit afgelei (Ryff & Singer 1998; Smith 2006; Strümpfer 2005), en later is ook Peterson en Seligman (2004:59) se konseptualisering van karaktersterktes hierdeur beïnvloed, in so 'n mate dat Seligman (2002:128) tot die gevolgtrekking kom dat dit tyd geword het om karakter weer te herontdek as 'n sentrale konsep in die wetenskaplike studie van menslike gedrag.

Seligman is oortuig dat karakter in onguns verval het om die volgende redes:

- Karakter as fenomeen word slegs verwerf uit ervaring.
- 'n Wetenskap kan nie voorskriftelikheid ondersteun nie, maar kan net beskrywend wees.
- Karakter is waarde gelaai en word geassosieer met Victoriaanse Protestantisme (2002:128).

Karakter het dus nie beantwoord aan die empiriese vereistes van wetenskap nie, en het as gevolg van 'n morele of waarde-oriëntasie oorgeel na die terrein van die filosofie en etiek.

Onlangs, egter, het die karakterkonstruk weer sy verskyning in 'n nuwe gedaante (soos Roback voorspel het) in die sielkunde gemaak. Peterson en Seligman (2004:4) bepleit dat karakter as konsep weer tuishoort in die sielkunde en die kernbegrip van die positiewe sielkunde moet wees. Seligman (2002:128) is oortuig dat:

any science that does not use character as a basic idea (or at least explain character and choice away successfully) will never be accepted as a useful account of human action.

Hy stel voor dat karakter gekonseptualiseer word uit deugde (virtues) wat universeel aanvaar word, en dat spesifieke karaktersterktes (wat op die vlak van die sielkunde lê) die roetes of gedragswyses is waardeur die deugde vergestalt word (Seligman, 2002:133).

## 2. KARAKTERSTERKTES: DIE HUIDIGE STAND

Karakter is dus terug in die psigologie. Die ontwikkeling van die vakgebied as sodanig en die opkoms van die wetenskapsfilosofie het meegebring dat daar voorsiening gemaak word (en verdraagsaamheid is) vir meer abstrakte konstruksies. Gesofistikeerde psigometriese tegnieke en veral die ontwikkeling van kwalitatiewe navorsingsmetodes het data-insamelingsmetodes en dataverwerkingsmetodes daargestel, waarmee abstrakte en gekonstrueerde (sosiaal konstruktivistiese) verskynsels ondersoek kan word. Daarby het die bewustheid en intensiteit van menslike ellende en problematiek 'n kragtige appèl gerig tot wetenskapbeoefening oor die algemeen en die geesteswetenskappe in die besonder, om deur middel van sosiaal relevante navorsing kennis en vaardigheid daar te stel. Die terrein van die positiewe sielkunde waarvan karakter en karaktersterktes sentrale begrippe is, het volgens Seligman en Csikszentmihaly (2002) drie doelwitte:

- Om positiewe emosies en ervarings te bestudeer
- Om positiewe trekke, veral sterktes en deugde, maar ook vermoëns, te bestudeer en bevorder; en
- Om positiewe instellings soos demokrasie, sterk families en vrye inligtingverwerwing (free inquiry), wat deugde bou en daardeur weer positiewe emosies teweegbring, te bestudeer en bevorder.

Seligman (2002:xiii) is oortuig daarvan dat die begrip en bevordering van sterktes en deugde – onder andere waagmoed, perspektief, integriteit, gelykheid en lojaliteit – in moeilike tye noodsaakliker is as in goeie tye.

### 2.1 Terminologiese afbakening

Hoewel in hierdie artikel gefokus word op karaktersterktes soos gekonseptualiseer deur Peterson en Seligman (2004:28-30) is dit belangrik om daarop te let dat in Suid-Afrika en Europa die konsep “sterktes” en “menslike sterktes” gebruik word om ook na ander positiewe fasette van menslike funksionering te verwys en nie net na karaktersterktes nie (Linley 2006; Smith 2006 & Strümpfer 2005).

'n Kragtige impetus vir die bestudering van menslike sterktes het gekom deur Antonovsky (1979 & 1987) se bekendstelling van die begrip “salutogenesis” (“saluto” = gesondheid en “genesis” = bron of oorsprong). Hy het ook voorgestel dat mense bronne van weerstand teen lewenseise en lewenstres het (resistance resources) en dat dit kulmineer in 'n koherensiesin (sense of coherence) waaruit die persoon ervaar dat lewensrealiteite hanteerbaar (manageable), verstaanbaar (comprehensible), en sinvol (meaningful) is. Volgens Strümpfer (2005:33) is Antonovsky dié skrywer wat die meeste invloed gehad het in Europa en Suid-Afrika met betrekking tot die sterkteperspektief.

Strümpfer (1995) het uitgebrei op Antonovsky se salutogenesis en fortigenesis (“forti” = sterkte), en voorgestel om te verwys na die bron of oorsprong van menslike sterktes oor die algemeen.

Wissing en van Eeden (1997 & 2002) het ná 'n omvattende studie van mense se psigologiese welstand voorgestel dat **psigofortologie** as 'n nuwe subdisipline in die sielkunde tot stand kom, waarin nie net die oorsprong van psigologiese gesondheid en welstand bestudeer sal word nie, maar die aard, manifestasies, patrone en bevordering van psigologiese welstand en gesondheid asook die ontwikkeling van menslike kapasiteit of sterktes (1997:5). Heelwat navorsing het reeds uit die psigofortologiese benadering voortgespruit, onder andere dié van Wissing, Temane, Wissing, Khumalo en Van Eeden (2006). Die term “fortologie” het inslag gevind en word tans in Suid-Afrika deur ander dissiplines soos maatskaplike werk, verpleegkunde, opvoedkunde, menslike bewegingskunde, voedingskunde en so meer gebruik. Dié interdisiplinêre gebruik van die sterktekonsep (fortologie) fokus op bio-psigo-sosio-, en spirituele sterktes in individue, instansies, gemeenskappe en kulture (Wissing 1998:17).

Ook in Europa word die breër siening van menslike sterktes verkies soos wat beskryf word in *A psychology of human strengths* (Aspinwall & Staudinger 2003). Volgens hierdie siening word sterktes verteenwoordig deur alle aspekte wat psigologiese gesondheid en welstand teweegbring, op kognitiewe, affektiewe, konatiewe, self-, interpersoonlike, spirituele en gedragsgebied. Volgens Aspinwall en Staudinger (2003:13):

It seems that it is not so much one or the other personality characteristic that should be called a human strength. Rather, it seems that human strengths may primarily lie in the ability to flexibly apply as many different resources and skills as necessary to solve a problem or work toward a goal.

Dit blyk dus dat psigofortologie en menslike sterktes (fortologie) verwys na alle aspekte wat bydra tot die individu se sielkundige en/of algemene welstand en gesondheid. Karaktersterktes daarenteen verwys spesifiek na die positiewe individuele (karakter)trekke wat volgens Peterson en Seligman (2004:5) die fokus van die tweede terrein van die positiewe sielkunde sal wees.

## **2.2 Kerndeugde as konseptuele bronne van karaktersterktes**

Soos voorheen genoem is, is die teoretiese raamwerk waarbinne karaktersterktes bestudeer word, die positiewe sielkunde, wat deur Lopez en Snyder (2004:xv) beskryf word as die wetenskaplike en praktiese ondersoek van optimale menslike funksionering.

Om wetenskaplike geloofwaardigheid en universeel geldende toepassingswaarde te verleen aan 'n positiewe psigologie waarvan karakter 'n kernaanneme en later 'n basiskonstruk moet wees, het Peterson en Seligman (2004:13) omvattende navorsing gedoen om te bepaal watter eienskappe universeel bydraend is tot 'n vervulde lewe (well-lived life). Sodoende het hulle op ses breë kategorieë en deugde afgekom wat waarskynlik universeel en beslis alomteenwoordig is. Hoewel alle geloofs- en kultuurgroepe nie noodwendig dieselfde kerndeugde eksplisiet voorstaan nie, is verwysings na die deugde of kenmerke van die deugde gevind in die moreel-filosofiese geskrifte van alle bekende religieuse en kulturele tradisies en van filosowe soos Socrates, Plato, Aristoteles, Augustan en Aquinas (Seligman 2002:132). Carr (2004) beweer dat die deugde of eienskappe daarvan moontlik deur 'n evolusionêre proses biologies vasgelê is om die aanpassing en oorlewing van die menslike spesie te verseker. Die ses deugde of eienskappe daarvan dien as wegwysers vir die bestudering van karakter. Peterson en Seligman (2004:33-52) stel die kerndeugde (core virtues) voor as: wysheid en kennis (wisdom and knowledge); dapperheid (courage); liefde en medemenslikheid (love and humanity); geregtigheid (justice); gematigdheid (temperance) en spiritualiteit en transending (spirituality and transcendence).

Seligman (2002:135) onderskei soos volg tussen deugde en talente: Deugde is moreel-eties van aard teenoor talente wat nie aan 'n morele waarde gekoppel word nie; talente is ingebore

teenoor deugde wat ontwikkel word; talente word outomaties aangewend teenoor deugde wat bewustelik toegepas word. 'n Persoon het 'n keuse om 'n deug aan te leer, te ontwikkel en toe te pas. Met genoegsame tyd, inspanning en deurstellingsvermoë kan alle mense deugde aanleer. Die konsep van keuse en persoonlike verantwoordelikheid vorm volgens Seligman (2002:136) net so 'n sentrale deel van positiewe sielkunde soos goeie karakter, gemanifesteer in verskillende karaktersterktes.

Building strengths and virtues and using them in daily life are very much a matter of making choices. Building strength and virtue is not about learning, training or conditioning, but about discovery, creation and ownership.

Die bogenoemde ses universeel geldige deugde word gemanifesteer in 24 karaktersterktes wat as verskynsels op die terrein van die psigologie as wetenskap lê, en van daaruit bestudeer en bevorder kan word. Deugde kom deur verskeie roetes tot stand en Seligman (2002:137-138) beskryf hierdie roetes as sterktes wat in teenstelling met abstrakte deugde meetbaar is en aangeleer kan word. Dit wil egter voorkom of daar ook sprake kan wees van 'n interaktiewe, sistemiese proses waardeur deugde en sterktes mekaar wedersyds bevorder.

Sterktes moet (volgens Seligman 2002) aan bepaalde kriteria voldoen alvorens dit as karaktersterkte gereken kan word, naamlik:

- 'n Sterkte is bydraend tot 'n goeie lewe (good life) vir die self en ander en lei tot die verwesenliking van die individu.
- 'n Sterkte is 'n trek, 'n sielkundige eienskap wat oor tyd en situasies stabiel en sigbaar bly.
- 'n Sterkte is waardevol in eie reg selfs sonder ooglopend voordelige uitkoms. Dit vereis geen eksterne motivering tot toepassing nie.
- Vertoon van sterkte deur een persoon laat ander nie minderwaardig voel nie, maar eerder geïnspireerd. Dit bevoordeel ander en laat die persoon met outentieke positiewe ervaring en emosie.
- 'n Sterkte het 'n toepaslike antoniem wat negatief is, en beide is meetbaar.
- Die gemeenskap versterk sterktes deur middel van kinderstories, kuns, liedere en gedigte. Rolmodelle van sterktes is bekend byvoorbeeld Mandela, Gandhi, Martin Luther King, Moeder Theresa, en so meer.
- Sommige sterktes het prototipes, soos kinders wat die kenmerke vertoon op 'n baie jeugdige ouderdom.
- 'n Sterkte is duidelik onderskeibaar van ander positiewe kenmerke in die klassifikasie.
- Sterktes is begeerlike eienskappe wat geen regverdiging vereis nie en wat oor kulture heen waardeur word.
- Sterktes word universeel deur instellings onderskryf en bevorder.

### **2.3 'n Model van karaktersterktes**

Die publikasie van Peterson en Seligman (2004) waarna voorheen verwys is, is 'n klassifikasie van karaktersterktes met die doel om 'n handleiding en riglyn daar te stel as konseptuele en empiriese werktuie om intervensies te ontwikkel en te evalueer (2004:3).

Die skrywers sê voorts dat "... the domain for us is not psychological illness but psychological health. In short our goal is a manual of the sanities" (2004:4).

Verder wil hulle 'n algemene vakwoordeskat daarstel om interdisiplinêre ooreengekome kommunikasie oor meetbare positiewe trekke en ander terme binne die positiewe sielkunde te bevorder; soos die DSM- en ICD-stelsels vir die kliniese vakgebied gedoen het.

Vervolgens word baie kortliks en met behulp van Peterson en Seligman (2004:29 & 30) se uiteensetting 'n oorsig oor die ses deugde en 24 verbandhoudende karaktersterktes gegee:

**Deug 1: wysheid en kennis** = *wisdom and knowledge*: kognitiewe sterktes wat die verkryging en gebruik van kennis behels

#### Verbandhoudende karaktersterktes

- **kreatiwiteit** (oorspronklikheid en vindingrykheid) = *creativity*: dink aan nuwe en produktiewe wyses om dinge te konseptualiseer en te doen; kan ook kunstigheid behels
- **nuuskierigheid** (belangstelling, oop vir ervaring, nuutheidsoekend) = *curiosity*: stel belang in voortdurende ervaring op sigself; bekoor deur voorwerpe en onderwerpe, ondersoekend en ontdekkend
- **openheid** (oordeel, kritiese denke) = *open-mindedness*: bedink en ondersoek alle kante van 'n saak, maak geen oorhaastige gevolgtrekkings nie; kan van mening verander met nuwe inligting, billike oorweging van alle inligting
- **leergierig** = *love of learning*: bemeestering van nuwe vaardighede, onderwerpe en kennis, hetsy individueel of formeel; dit is soos die kreatiwiteitsterkte, maar ook meer en sluit die neiging in om sistematies toe te voeg tot bestaande kennis
- **perspektief** (wysheid) = *perspective*: om ander met wyse raad en insig te adviseer; 'n realiteitsiening wat sin maak vir self en ander

**Deug 2: dapperheid** = *courage*: emosionele sterktes wat die aanwending behels van wilsaspekte om doelwitte te bereik ten spyte van interne of eksterne teenkanting

#### Verbandhoudende karaktersterktes

- **onverskrokkenheid** (waagmoed) = *bravery*: deins nie terug van bedreiging, uitdaging, moeite of pyn nie; uitgesproke oor wat reg is ten spyte van teenkanting, toon moed van oortuiging al is dit ongewild; mag ook fisieke dapperheid behels
- **volharding** (deursettingsvermoë, toewyding, ondernemend) = *persistence*: voltooi wat begin is, volhard in 'n aksie of aktiwiteit ten spyte van struikelblokke; vreugde in voltooide take
- **integriteit** (outentiek, eerlik) = *integrity*: praat die waarheid, wees oop en eerlik en tree opreg op, sonder aanstellerigheid, neem verantwoordelikheid vir eie gevoelens en aksies
- **vitaliteit** (lewenslus, entoesiasme, stukrag, energie) = *vitality*: opgewonde en energieke lewensbenadering, doen niks halfhartig of half nie; beleef die lewe as 'n avontuur, voel lewendig en aan die gang

**Deug 3: medemenslikheid** = *humanity*: interpersoonlike sterktes wat omgee vir en uitreik na ander (tending and befriending) behels

#### Verbandhoudende karaktersterktes

- **liefde** = *love*: waardeer naby verhoudings met ander, veral dié waarin meedeel en omgee wedersyds is; om naby ander te wees
- **goedhartigheid** (mededeelsaam, versorgend, omgee, meegevoel, altruïstiese liefde, vriendelikheid) = *kindness*: behulpsaam aan ander sonder beloning, hulpvaardig, versorgend en vrygewend



- **sosiale intelligensie** (emosionele intelligensie, persoonlike intelligensie) = *social intelligence*: bewus wees van eie en ander se motiewe en gevoelens; weet hoe om in sosiale situasies op te tree en in te pas, weet wat om van ander te verwag, hoe hulle kop werk

**Deug 4: geregtigheid** = *justice*: siviele of burgerlike sterktes wat gesonde gemeenskapslewe onderlê

#### Verbandhoudende karaktersterktes

- **burgerskap** (sosiale verantwoordelikheid, lojaliteit, spanwerk) = *citizenship* (sosiale verantwoordelikheid, lojaliteit, goeie samewerking in groep- of spanverband, lojaliteit aan die groep, om jou deel te doen)
- Regverdigheid = *fairness*: om met billikheid en geregtigheid alle mense gelyk te hanteer; nie toe te laat dat persoonlike gevoelens besluite oor ander beïnvloed nie, gee elkeen 'n billike kans
- **leierskap** = *leadership*: om 'n groep aan te moedig om dinge te doen en terselfdertyd goeie verhoudings in die groep te handhaaf; organiseer groepaktiwiteite en sien toe dat dit gebeur

**Deug 5: gematigdheid** = *temperance*: sterktes wat teen oormaat beskerm

#### Verbandhoudende karaktersterktes

- **vergifnis en genade** = *forgiveness and mercy*: vergewe dié wat fouteer het, aanvaar die tekortkominge van ander, gee ander nog 'n kans; om nie wraaksugtig te wees nie
- **nederigheid en beskeidenheid** = *humility and modesty*: laat prestasies vanself spreek; om nie die kollig te soek nie, om jouself nie buitengewoon belangrik te ag nie
- **versigtigheid en omsigtigheid** = *prudence*: om versigtig keuses te maak, nie onnodige risiko's te loop nie; nie te sê of doen wat later berou mag word nie
- **selfregulering** (selfbeheersing) = *self-regulation*: reguleer eie gevoelens en dade, gedissiplineerd wees, beheer oor eie aptyt en emosies

**Deug 6: transendering** = *transcendence*: sterktes wat 'n verbintenis met die groter kosmos vind en betekenis en sin gee

#### Verbandhoudende karaktersterktes

- **waardering van skoonheid en uitnemendheid** (agting, verwondering, verheffing) = *appreciation of beauty and excellence*: waarneem en waardeer van skoonheid, uitnemendheid en/of vaardigheid in verskeie lewensgebiede, van die natuur tot kuns, wetenskap en alledaagse ervaring
- **dankbaarheid** = *gratitude*: om bewus van en dankbaar te wees vir die goeie wat gebeur, om dank te betuig, dankie te sê
- **hoop** (optimisme, toekomsdenke, toekomsgerigtheid) = *hope*: om die beste in die toekoms te verwag en te werk om dit te bereik, geloof dat 'n goeie toekoms teweeggebring kan word
- **humor** (speelsheid) = *humour*: lag en terg graag, laat ander glimlag; sien die ligte kant, maak (nie net vertel) grappies
- **spiritualiteit** (godsdienstig, geloof, singewing) = *spirituality*: om koherente geloof te hê oor die hoër doel en sin van die kosmos, om te weet waar jy inpas in die hoër orde, om oortuigings te hê oor die doel van die lewe wat gedrag rig en gerusstelling verleen.

Volgens Carr (2004:53) sou 'n persoon wat een of twee sterktes binne elke deugdegroep manifesteer, beskou kon word as van goeie of sterk karakter. Seligman (2002:160) is egter oortuig dat geen persoon oor ewe veel van al die karaktersterktes beskik nie, maar dat elke mens 'n eiesoortige groep sterktes het waarmee hy optimaal funksioneer en 'n paar ander, wat as potensiaal verder ontwikkel kan word. Seligman onderskei dus unieke sterktes as unieke persoonlike sterktes wat ook met spesifieke deugde geassosieer word en is van mening dat indien sodanige sterktes gereeld in belangrike areas van daaglikse lewe gebruik word, tevredenheid en geluk beleef sal word. Kriteria waaraan sulke unieke sterktes gemeet kan word, is volgens Carr (2004:54):

- Die wete dat die sterkte 'n kerneienskap van die self is.
- Gretigheid om die sterkte te gebruik.
- Versnelde leer tydens gebruik van die sterkte.
- Voortgesette leer van nuwe toepassings van die sterkte.
- 'n Verlange na beter benutting van die sterkte.
- 'n Gevoel dat die sterkte benut sal word in baie opsigte en situasies.
- Om versterk eerder as vermoei te word by gebruik van die sterkte.
- Die skep van persoonlike projekte rondom die sterkte.
- Gevoelens van vreugde, entoesiasme, opwinding en energie by gebruik van die sterkte.

Die karaktermodel is 'n innoverende nuwe konstruk in 'n nuwe veld van die psigologie wat baie uiteenlopende moontlikhede daarstel vir navorsing en toepassing. Die outeurs van die model (Peterson en Seligman 2004) en hul navorsingspan (befonds deur groot instansies in die VSA) het beslis moeite gedoen om die model 'n universele toepassingswaarde te gee. Die indruk bly egter dat Allport (1960:181) se ou waarneming dat "... American psychology bears the stamp of American democracy ..." nog geld. Die vraag ontstaan waarom deugde uit die Afrikakosmologie nie ingesluit is in die filosofiese ondersoek wat die model voorafgegaan het nie. Sou die model ook karaktersterktes uit Afrikakulture weerspieël? Op 'n meer individuele vlak ontstaan die vraag of die karaktersterktemodel in diepte alle aspekte van menslike funksionering waarin karakter manifesteer (byvoorbeeld aspekte van self en van gedrag) evalueer.

## 2.4 Operasionalisering van die karaktersterktemodel

Die 24 karaktersterktes geassosieer met die ses deugde in die karaktersterktemodel is geoperasionaliseer met behulp van die Values in Action Inventory of Strengths (VIA-IS). Twee vraelyste is tans beskikbaar, naamlik:

- VIA Inventory of Strengths (VIA-IS) for Adults: Peterson en Seligman (2004:631).

Die vraelys is gerig op volwassenes van agtien jaar en ouer. Dit is 'n selfrapporteringsvraelys met 240 items wat elk van die 24 karaktersterktes in die VIA-klassifikasie meet. Die vraelys beskik oor goeie betroubaarheid met alfakoëffisiënte van  $>0.70$  vir al die subskale, verkry in 'n Amerikaanse studie met 'n internasionale studiepopulasie. Geldigheidsaanduiders is bevredigend en navorsing hieroor gaan voort.

- VIA Inventory of Strengths for Youth (VIA-Y): (Park en Peterson 2006).

Die VIA-Y-vraelys is gerig op jeugdiges tussen tien en sewentien jaar. Dit is 'n selfrapporteringsvraelys met 198 items wat elk van die 24 karaktersterktes in die VIA-klassifikasie meet. Die Cronbach-alfa- betroubaarheidsindeks is volgens Peterson en Seligman (2004)  $>0.65$

vir elke subskaal, wat nie voldoen aan Nunally en Bernstein (1994) se kriterium van  $> 0.70$  nie. Die vraelys se geldigheid word tans wyd nagevors.

Afgesien van die VIA-IS en die VIA-Y het Peterson en Seligman (2004) ook verwys na ander meetinstrumente waarmee die meeste van die karaktersterktes individueel gemeet kan word. Lopez en Snyder (2004) het 'n groot aantal vraelyste saamgevat wat uiteenlopende konstrunkte vanuit die positiewe sielkunde meet, en aangetoon dat baie van hulle ook metings van spesifieke karaktersterktes is, byvoorbeeld hoop en optimisme, kreatiwiteit, wysheid, liefde, emosionele intelligensie, empatie, vergifnis, dankbaarheid, humor, spiritualiteit en so meer. Ván hierdie meetinstrumente kan aangewend word om die konvergente geldigheid van die VIA-IS te bepaal.

Peterson en Seligman (2004) beoog dat die karaktersterktekoeffisiënt net so 'n aanvaarbare konsep en ingeburger in die volksmond sal word soos wat intelligensiekoeffisiënt oor al die jare was, veral wat status en bruikbaarheid aanbetref, maar sonder die negatiewe bagasie wat ook met IK-gebruike gepaardgegaan het. Dit spreek egter vanself dat dit baie tyd en navorsingsenergie gaan neem om karaktersterktes betroubaar en geldig te meet – soos wat dit geneem het om intelligensie betroubaar en geldig te bepaal – en daar is geen kortpaaie nie. Dit geld ook vir die validering van hierdie instrumente in die Suid-Afrikaanse konteks.

## 2.5 Empiriese ondersoeke van die VIA-IS

Peterson en Seligman (2004:630-631) het 'n elektroniese weergawe van die VIA-IS daargestel ([www.viastrengths.org](http://www.viastrengths.org)), en mense uit veral Engelssprekende lande, maar ook uit Europa, Asië en Afrikalande het reeds die vraelys voltooi (sowat 150 000 mense uit 42 lande teen 2004). Uit die data wat op hierdie wyse bekom is, is die psigometriese eienskappe van die vraelys bepaal, en word dit steeds nagevors as 'n voortgaande proses. Faktorontledings van skaaltellings het vyf faktore geïdentifiseer, naamlik: kognitiewe sterktes (byvoorbeeld leergierigheid, kreatiwiteit en nuuskierigheid); emosionele sterktes (byvoorbeeld speelsheid, lewenslus, intimiteit en hoop); konatiewe sterktes (byvoorbeeld vrydenkendheid, ondernemendheid, versigtigheid en selfregulasie); interpersoonlike sterktes (byvoorbeeld leierskap, vergifnis, spanwerk en goedheid) en transendente sterktes (byvoorbeeld verwondering, dankbaarheid en spiritualiteit). 'n Daaropvolgende faktorontleding op nuwe data wat elektronies verkry is, het weer vyf faktore geïdentifiseer, naamlik: sterktes van beheersdheid (restraint) (byvoorbeeld billikheid, nederigheid, genade en versigtigheid); intellektuele sterktes; interpersoonlike sterktes; emosionele sterktes en geestelike sterktes. Die laasgenoemde vier faktore het dieselfde sterktes bevat wat in die ooreenstemmende faktore van die eerste faktorontleding gevind is.

In Suid-Afrika het Khumalo, Wissing en Temane (2006) faktorontledings gedoen met VIA-IS-tellings wat met behulp van 256 Setswanasprekende studente verkry is. Drie duidelike emiese (emic) faktore is in die Afrikagroep geïdentifiseer, naamlik:

- Wysheid, kennis en waagmoed.
- Horisontale en vertikale verbondenheid.
- Integriteit in 'n groepkonteks: gematigdheid en regverdigheid.

Dié navorsers het tot die gevolgtrekking gekom dat die faktorpatroon 'n kollektief-kulturele Afrikawaardesisteem reflekteer. Aangesien dit radikaal verskil van die oënskynlik Westerse faktorpatrone wat deur Peterson en Seligman (2004) gerapporteer is, asook van die ses gehipotetiseerde waardegroepes van die VIA-IS, stel Khumalo et al. (2006) voor dat verdere navorsing gedoen word, waarna, indien nodig, wysigings en aanpassings vir 'n meer geldige vorm van die

VIA-IS vir gebruik in die Afrikakonteks ontwikkel word. Die klem op emiese waarde- en sterktepatrone is volgens Khumalo et al. (2006) belangrik en hul siening sluit aan by Constantine en Sue (2006:240) se gevolgtrekking dat karaktersterktes in mense van kleur in die VSA gedefinieer moet word volgens kulturele konstrakte wat verband hou met kollektiewe, spirituele en familiële aspekte van optimale menslike funksionering. Biswas-Diener (2006) het met navorsing in geselekteerde kulture in Afrika, Groenland en die V.S.A., heelwat ooreenstemming gevind met betrekking tot die bestaan, wenslikheid en ontwikkeling van karaktersterktes. Hulle het ook beduidende verskille gevind binne- en tussen kulture oor die waargenome belangrikheid van spesifieke sterktes.

### 3. KARAKTERSTERKTES: 'N TOEKOMSPERSPEKTIEF

Die sterktekonsep, beide die breër benadering en die meer gefokusde karaktersterktemodel wat albei gevestig is in die teoretiese raamwerk van die positiewe sielkunde, hou groot belofte in op praktiese toepassingsvlak sowel as vir navorsing.

#### 3.1 Praktiese bruikbaarheid van die karaktersterktemodel

Die karaktersterktemodel het toepassingsmoontlikhede vir elke subdomein van die sielkunde as toegepaste wetenskap:

- *Ontwikkeling- en kindersielkunde*

Hoewel ontwikkelingsielkunde te make het met menslike ontwikkeling oor die totale lewensverloop, word daar tans sterk gefokus op die ontwikkeling van karaktersterktes in kinders om veerkragtigheid te bevorder en op die identifisering en benutting van ontwikkelingsbates (developmental assets) in die jeug (Scales & Leffert 2004). Peterson en Seligman (2004:83) vind heelwat ooreenkomste tussen ontwikkelingsbates en karaktersterktes, en Lerner, Almerigi, Theokas en Lerner (2005:10) wys daarop dat ontwikkelingsbates kulmineer in ses sterktes wat bevorder en versterk word in positiewe jeugontwikkelingsprogramme, naamlik: bevoegdheid (competence), selfvertroue (confidence), karakter (character), omgee (caring) en bydrae (contribution). Hierdie ses kernsterktes (wat ook baie ooreenstem met karaktersterktes) vorm die konseptuele basis waarop diverse, interaktiewe, positiewe jeugontwikkelingsaksies gebaseer word. Wat die bevordering van karaktersterktes aanbetref, kan Hodges en Clifton (2004:256) se siening ook geld dat meer tyd en energie belê moet word in die versterking en uitbouing van reeds bestaande sterktes in jongmense, eerder as om nuwe sterktes te probeer ontwikkel. Hulle is oortuig daarvan dat 'n aantal optimaal ontwikkelde spesifieke sterktes meer voordelig is as verskeie gemiddelde sterktes. Dit stem ooreen met Seligman (2002) se siening van unieke sterktes en die waarde wat die identifisering en bevordering van unieke karaktersterktes vir jongmense sal hê, veral met betrekking tot persoonlike psigologiese groei, aanpassing en voorkoming van probleme. Larson et al. (2004:541) wys daarop dat georganiseerde jeugaktiwiteite waarin jongmense aktief betrokke is by gemeenskapsprogramme 'n besonder vrugbare konteks vir selfgegenereerde verandering is. Jongmense het in sulke programme hoër vlakke van persoonlike en sosiale leerervaringe as tydens skoolwerk of in interaksies met vriende. Dit blyk dus dat sodanige jeugprogramme 'n positiewe konteks is waarin karaktersterktes deur middel van ervaringsleer en *coaching*-aktiwiteite ontwikkel kan word.

Wat kinders betref, is dit bekend dat veerkragtigheid, optimisme en hoop vir hulle bykans natuurlike kenmerke is (Roberts, Brown, Johnson & Reinke 2002:664-666), en dat die kinderjare die optimale tyd is om gesonde gewoontes, gedrag, aanpassings- en *coping*-metodes, sosiale vaardighede, selfperspektief en ander bevoegdhede aan te leer (2002:671). Dit geld sekerlik ook vir die aanleer van unieke karaktersterktes.

- ***Kliniese en voorligtingsielkunde***

Volgens Seligman (2002:6):

We have discovered that there is a set of human strengths that are the most likely buffer against mental illness: courage, optimism, interpersonal skill, work ethic, hope, honesty and perseverance.

Hy bepleit die terapeutiese identifisering en bevordering van karaktersterktes soos die bogenoemde in strategieë van sterktebou, sodat nie alleen 'n buffereffek teen patologie bereik kan word nie, maar ook 'n genesingseffek. Lopez en Snyder (2004:466) meen ook dat karaktersterktes geestesgesondheid mag verbeter. Maddux, Snyder en Lopez (2004:330) stel voor dat 'n karaktersterktebepaling saam met enige ander kliniese diagnose gedoen word en dat die psigoterapie daarop toegespits sal wees om nie net swakhede en gebreke te identifiseer nie, maar deurgaans op sterktes en vermoëns te fokus. Peterson en Park (2004:443) is oortuig dat mense se unieke sterktes terapeuties aangewend kan word om psigologiese groei en vervulling te bevorder.

- ***Bedryf- en organisasiesielkunde***

Die Gallup Organization het in twee miljoen onderhoude die sterktes (wat ook karaktersterktes insluit) van leiers in hul werkmag bepaal en volgens Hodges en Clifton (2004:259) tot die gevolgtrekking gekom dat: “... each person’s greatest room for growth is in the areas of the person’s greatest strength.”

Lopez en Snyder (2004:466) wys op die strategie vir sterktebestuur wat behels dat mense volgens hul sterktes geselekteer, geplaas en opgelei word en nie net om vaardigheidsleemtes te vul nie. Dit behels ook dat mense sal groei in hul werk en hul beroep en nie net opwaarts bevorder sal word en uit hul sterkteveld sal beweeg nie. In Suid-Afrika het die Work Wellness-oriëntasie (Schaufeli, 2006) reeds goed posgevat.

- ***Gesondheidsielkunde***

Die positiewe verband tussen karaktersterktes en gesondheid is reeds bewys. Die benutting van mense se unieke sterktes kan nie alleen voorkomend en genesend inwerk nie, maar ook psigologiese buffers teen angstigheid, gevoelens van onmag en hulpeloosheid vorm, en mense bemagtig met hoop, optimisme en gevoelens van sterkte- en siektebemeestering (Larson, Hemenover, Norris & Cacioppo 2003, in Aspinwall & Staudinger 2003:211-221). In Suid-Afrika kan die karaktersterktebenadering 'n besondere bydrae lewer tot die lewenstylverandering van mense wat met MIV/vigs moet saamleef.

- ***Geriatrisie sielkunde***

Carstensen en Charles (2003:75) wys daarop dat die heersende benadering tot veroudering vanuit 'n verliesoogpunt is, waarin die verlies van fisieke en kognitiewe vermoëns die fokus is. 'n Karaktersterkteperspektief kan dit omswaai na 'n wins- of bate- benadering, waarin die fokus is op die bemagtigende invloed wat die verdieping van lewensperspektief en -waardes vir ouer mense meebring. Fernandez-Ballesteros (2003:141-143) praat van positiewe psigogerontologie wat begrippe soos “successful ageing”, “ageing well”, “vital ageing” en “competent ageing” insluit. Ook in hierdie verband kan karaktersterktes 'n bemagtigende rol speel om ouer mense se eiewaarde en gemeenskapswaardes te bevestig. Ook ouer mense se veerkragtigheid moet behou en bevorder word deur nie op hul siekte, swakheid en geskondenheid te fokus nie, maar op dit wat hulle behou het, hulle deugde en sterktes (Seligman 2002:4; Valiant 2004, in Linley & Joseph 2004).

- **Forensiese sielkunde**

Ward en Mann (2004, in Linley & Joseph 2004:601) wys daarop dat rehabilitasieprogramme wat oortreders se karaktersterktes in ag neem en daarop gerig is om karakterleemtes aan te vul deur die ontwikkeling van sterktes, heelwat meer suksesvol is en 'n blywende invloed het en dat gedragsprobleme en terugvalgedrag of heroortreding beduidend verminder word. Hierdie beginsel is sekerlik ook waar in enige terapeutiese konteks waar rehabilitasie ter sprake is.

- **Pastorale sielkunde**

Karaktersterktes van transenderende aard, asook hoop en optimisme, vergifnis, genade en medemenslikheid, kan in pastorale programme en beraad benut word.

- **Gemeenskapsielkunde**

Intervensieprogramme en voorkomende aksies wat die werkwyse van gemeenskapsielkundiges is, kan die ontwikkeling van karaktersterktes in diverse groepe en kontekste met vrug gebruik. Die derde pilaar waarop die positiewe sielkunde berus, is om gesonde gemeenskappe te bevorder, en die vestiging van waardes en karaktersterktes in veral risikogroepe kan hiertoe meewerk (Huppert 2004: 693-707).

- **Sosiale sielkunde**

Mense se karaktersterktes of -leemtes manifesteer in elke denkbare sosiale konteks. Daarom kan die bepaling en bevordering van karaktersterktes in terapeutiese kontekste soos huweliksberading, ouerskapsopleiding, en in alle ondersteuningsgroepe van waarde wees. Intervensiebenaderings met betrekking tot konflikthantering, onderhandeling en probleemoplossing kan verryk word. Leierskapsopleiding moet gebaseer wees op die karaktersterktes van potensiële leiers.

Die bogaande uiteensetting van benuttingsmoontlikhede van die karaktersterktemodel is nie naastenby volledig nie, en toepassings mag ook tussen vakgebiede oorvleuel.

### **3.2 Verdere navorsing met betrekking tot die karaktersterktemodel**

Toe Seligman en Csikszentmihaly (2000) die raamwerk van die positiewe sielkunde bekendgestel het, was hulle uitgesproke daarvoor dat die nuwe perspektief nooit gesien moet word as onwetenskaplik, vaag en wollerig omdat dit werk met oënskynlik abstrakte terme soos “geluk”, “sterktes”, “vervulling”, en so meer nie. Die positiewe sielkunde moet gegrond wees op universeel aanvaarde wetenskaplike beginsels en moet beantwoord aan deurtastende empiriese ondersoekmetodes. Dit het Peterson en Seligman (2004:31), na die bekendstelling van die karaktersterkteklassifikasiesisteen en -model, bevestig met:

The classification we present here is not a finished product, and we expect it to change in the years to come, as theory and research concerning character strengths proceeds.

Om aan te sluit by die navorsingsmomentum wat Peterson en Seligman bepleit, kan die volgende aspekte nagevors word:

- Lopez et al. (2006:212) en Smith (2006:28) meen dat die 24 sterktes in die karaktersterktemodel nie alle moontlike sterktes verteenwoordig nie. Khumalo et al. (2006) en Constantine en Sue (2006:240) voeg by dat veral emiese sterktes van mense in nie-Westerse kulture ander karaktersterktepatrone mag vertoon. Meer empiriese inligting hieroor is nodig.
- Aspinwall en Staudinger (2003:15) en Smith (2006:25) vra of karaktersterktes stabiel oor tyd en konteks is en of dit varieer in verskillende omstandighede en situasies? Hierby sluit aan: Hoe

ontwikkel karaktersterktes en wat sou die ontwikkeling daarvan bevorder of belemmer? Asook: Hoe manifesteer karaktersterktes in verskillende lewensfasen in geslagte en in terme van kultuur?

- Hierbo (3.1) is 'n aantal toepassingsmoontlikhede van die karaktersterktemodel genoem. Peterson en Seligman (2003:315) bepleit die ontwikkeling en toetsing van intervensies vir elke faset van karaktersterktes. Intervensies se resultate of uitkomst moet ook voortdurend getoets en ondersoek word (Snyder en Lopez 2002:759).
- Peterson en Seligman (2004:631) het min etniese verskille in karaktersterktes tussen die grootste groepe in die VSA gevind, maar navorsers soos Constantine en Sue (2006), Heppner en Wang (2004), Khumalo et al. (2006), en Wissing et al. (2006) verskil hiervan. Uitgebreide navorsing met die karaktersterktemodel in veral Afrikakultuurkontekste en faktorontledings van die data sal kan aantoon of die model en die VIA-IS-meetinstrumente wel universele waardes en karaktereienskappe verteenwoordig, soos wat Peterson en Seligman (2004) meen.

#### 4. GEVOLGTREKKING EN SAMEVATTING

Karakter as verskynsel en konsep was deel van die vroeë sielkunde, maar het in onguns geraak vanweë die abstrakte, moralistiese en moeilik meetbare aard daarvan. Dit is vervang deur meer navorsbare konstruksie wat vanuit die persoonlike en humanistiese benaderings die lig gesien het.

Die fokus op, en denke oor karakter in die psigologie het egter verander, en gedurende die laaste jare het dit 'n sterk hernude belangstelling ontlok, veral vanuit die positiewe sielkunde. Die abstrakte konsep het 'n teoretiese verantwoorde en navorsbare konstruksie geword, en die verskynsel het meetbare en waarneembare gemanifesteerde karaktersterktes geword. Die karaktersterkte-konstruksie is gevestig in 'n vernuwende teoretiese-wetenskaplike raamwerk (paradigma?) wat as positiewe sielkunde of psigofortologie bekend staan. Nuwe navorsingsmetodes en andersoortige navorsingsvrae het ook na vore getree.

Die karaktersterktemodel wat 'n kernkonstruksie van positiewe sielkunde is, hou baie belofte in vir toepassing en navorsing. Dit is egter so dat 'n omvattende en koherente teorie – wat karakterontwikkeling en die manifestering (deur middel van sterktes) daarvan oor tyd, in lewenskontekste, geslagte en kulture verklaar – nog nie bestaan nie. Peterson en Seligman het karakter gekonseptualiseer uit die eklektiese samevoeging van moreel-filosofiese konsepte wat oënskynlik universele waarde het. Faktorontledings deur Peterson en Seligman van tellings behaal op die VIA-IS deur sowat 150 000 mense, het egter by twee geleenthede vyf faktore opgelewer wat verskil het van hul gehipotetiseerde ses deugde of sterktepatrone. Ook die faktorbevindinge van Khumalo et al. en van Wissing et al. in die Suid-Afrikaanse konteks het aangedui dat Peterson en Seligman se aanname dat die karaktersterktemodel universeel geldig mag wees, nie realiseer nie. Die vermoede ontstaan al hoe meer dat karaktersterktes ook idiosinkratiese en kultuur- en konteksgebonden fasette kan hê. Omvattende empiriese ondersoeke na die invloed van ouderdom, geslag, situasie en sosio-kultureel kontekstuele dinamiek op karaktersterktes, kan teorieskepping teweegbring wat meer universele verklaringswaarde mag hê.

In die bogaande uiteensetting van karakter as 'n herontdekte konsep in die sielkunde is 'n historiese oorsig van die karakterkonsep gegee, die huidige fokusverskuiwing na karakter gemanifesteer in karaktersterktes is beskryf, en 'n toekomsblik op die praktiese bruikbaarheid van, en navorsingsvrae oor die karaktersterktemodel is gegee. 'n Posing is ook aangewend om die nuwe vakterme van positiewe sielkunde in Afrikaans aan te bied en so 'n bydrae tot Afrikaans as wetenskaptaal te lewer.

## BIBLIOGRAFIE

- Allport, G.W. 1937. *Personality: A psychological interpretation*. New York: Holt.
- Allport, G.W. 1960. The open system in personality theory. *Journal of Abnormal and Social Psychology*, 61, 301-310.
- Allport, G.W. 1961. *Patterns and growth in personality*. New York: Holt, Rinehart & Winston.
- Antonovsky, A. 1979. *Health, stress and coping*. San Francisco: Jossey-Bass.
- Antonovsky, A. 1987. *Unraveling the mystery of health: How people manage stress and stay well*. San Francisco: Jossey-Bass.
- Aspinwall, L.G., & Staudinger, U.M. 2003. *A Psychology of Human Strengths*. 9-22. Washington, DC: American Psychological Association.
- Biswas-Diener, R. 2006. From the equator to the North Pole: A study of character strengths. *Journal of Happiness Studies*, 7(3): 293 – 310.
- Carr, A. 2004. *Positive Psychology: The science of happiness and human strengths*. New York: Brunner-Routledge.
- Carstensen, L.L., & Charles, S.T. 2003. In Aspinwall & Staudinger. (Eds). *A Psychology of human strengths: Fundamental questions and future directions for a Positive Psychology*. 75-86. Washington, DC: American Psychological Association.
- Constantine, M.G., & Sue, D. W. 2006. Factors contributing to optimal human functioning in people of color in the United States. *The Counseling Psychologist*, 34, 228-244.
- Fernandez-Ballesteros, R. 2003. In Aspinwall & Staudinger. (Eds). *A Psychology of Human Strengths Fundamental Questions and Future directions for a Positive Psychology*. 131-148. Washington, DC: American Psychological Association.
- Fromm, E. 1949. In Meyer, Moore & Viljoen. 2003. *Personology: From individual to ecosystem*. Sandown: Heinemann.
- Heppner, P.P., & Wang, A.W. 2004. In Lopez & Snyder. (Eds). *Positive Psychology in Practice*. 127-138. New Jersey: John Wiley & Sons. Inc.
- Hodges, T.D., & Clifton, D.O. 2004. In Linley & Joseph. (Eds). *Positive Psychology in practice*. 256-268. Hoboken, New Jersey: Wiley & Sons. Inc.
- Huppert, F.A. 2004. In Linley & Joseph. (Eds). *Positive Psychology in Practice*. 693-712. New Jersey: John Wiley & Sons. Inc.
- Jahoda, M. 1958. *Current concepts of positive mental health*. New York: Basic Books.
- Jung, C.G. 1971. *Psychological types*. In The collected works, Vol. 6. London: Routledge & Kegan Paul. (Original work in German published 1921; translated by H.G. Baynes and R.F.C. Hull.)
- Khumalo, I.P., Wissing, M.W., & Temane, Q.M. 2006, April. *Exploring the validity of the VIA-inventory of strengths in an African context*. Paper presented at the South African Conference on Positive Psychology. Potchefstroom: South Africa.
- Kuhn, T.S. 1970. *The structure of scientific revolutions*. Chicago: University Press.
- Larsen, T.J., Hemenover, S.H. Norris, C.J., & Cacioppo, J.T. 2003. In Aspinwall & Staudinger. (Eds). *A Psychology of human strengths: Fundamental questions and future directions for a Positive Psychology*. 211-226. Washington, DC: American Psychological Association.
- Larson, R., Jarrett, R., Hansen, D., Pearce, N., Sullivan, P., Walker, K., Watkins, N., & Wood, D. 2004. In Linley & Joseph. (Eds). *Positive Psychology in Practice*. 540-560. New Jersey: Wiley & Sons. Inc.
- Lerner, R.M., Almerigi, J.B., Theokas, C., & Lerner. 2005. Positive Youth Development: A view of the issues. *Journal of Early Adolescence*, 25, 10-16.
- Linley, P.A. 2006. Counseling Psychology's positive psychological agenda: A model for integration and inspiration. *The Counseling Psychologist*, 34, 313-322.
- Lopez, S.J., & Snyder, C.R. 2004. *Positive Psychological Assessment: A Handbook of Models and Measures*. Washington, DC: American Psychological Association.
- Lopez, S.J., Magyar-Moe, J.L., Petersen, S.E., Ryder, J.A., Krieshok, T.S., O'Byrne, K.K., Lichtenberg, J.W., & Fry, N.A. 2006. Counseling Psychology's focus on positive aspects of human functioning. *The Counseling Psychologist*, 34, 205-227.
- Maslow, A.H. 1973. *The farther reaches of human nature*. Harmondsworth, UK: Penguin Books.
- Meyer, W., Moore, C., & Viljoen, H. 2003. *Personology: From individual to ecosystem*. Sandown: Heinemann.



- Park, M & Peterson, C. 2006. Moral competence and character strengths among adolescents: The development and validation of values. *Journal of Adolescence*, 29: 891-909.
- Peterson, C. 2006. Strengths of character and happiness: Introduction to special issue. *Journal of Happiness Studies*, 7(3): 289 – 291.
- Peterson, C., & Park, N. 2004. In Linley & Joseph. (Eds). *Positive Psychology in Practice*. 433-446. New Jersey: John Wiley & Sons. Inc.
- Peterson, C., & Seligman, M.E.P. 2004. *Character strengths and Virtues: A Handbook and Classification*. USA. Oxford University Press.
- Peterson, C., & Seligman, M.E.P. 2003, Jan.4. Values in Action (VIA) classification of strengths. [Http://www.psych.upenn.edu/seligman/viamanualintro.pdf](http://www.psych.upenn.edu/seligman/viamanualintro.pdf). Accessed on 24 May 2005.
- Reich, W. 1933. *Character analysis*. London: Vision Press Ltd.
- Roback, A.A. 1931. *The psychology of character*. London: Kegan Paul, Trench, Trubner & Co., Ltd.
- Roback, A.A. 1951. *The psychology of character*. London: Routledge & Kegan Paul Ltd.
- Roberts, M.C., Brown, K.J., Johnson, R.J., & Reinke, J. 2002. In Snyder & Lopez. (Eds). *Handbook of Positive Psychology*. 663-675. Oxford: University Press.
- Rogers, C.R. 1961. *On becoming a person*. Boston, MA: Houghton Mifflin.
- Roth, J.K. (Ed.). Introduction to James, W. 1971. The moral equivalent of war and other essays (pp. ix-xxxv). New York: Harper & Row.
- Ryff, C.D., & Singer, B. 1998. The contours of positive human health. *Psychological Inquiry*, 9, 1-28.
- Scales, P.C., & Leffert, N. 2004. *Developmental Assets*. Minneapolis USA: Search Institute.
- Schaufely, W.B. 2006. *Work engagement: The emergence of an employee wellness concept*. Paper presented at the South African Conference on Positive Psychology, Potchefstroom, South Africa, April.
- Seligman, M.E.P., & Csikszentmihalyi, M. 2000. Positive psychology: An introduction. *American Psychologist*, 55, 5 – 14.
- Seligman, M.E.P. 2002. *Authentic happiness*. New York: Free Press.
- Shand, A.F. 1914. *The foundations of character*. London: MacMillan and Co., Ltd.
- Smit, E.J. 2006. The Strength-based counseling model. *The Counseling Psychologist*, 34, 13-79.
- Snyder, C.R., & Lopez, S.J. 2002. In Lopez & Snyder (Eds). *Handbook of Positive Psychology*. 571-768. Oxford: University Press.
- Strümpfer, D.J.W. 1995. The origins of health and strength: From “salutogenesis” to “fortogenesis”. *South African Journal of Psychology*, 25, 81 – 89.
- Strümpfer, D.J.W. 2005. Standing on the shoulders of giants: Notes on early positive psychology (Psychofortology). *South African Journal of Psychology*, 35, 21 – 45.
- Vaillant, G.E. 2004. In Linley & Joseph. (Eds). *Positive Psychology in Practice*. 561-579. New Jersey: John Wiley & Sons. Inc
- Ward, T., & Mann, R. 2004. In Linley, & Joseph. (Eds). *Positive Psychology in Practice*. 598-616. New Jersey: John Wiley & Sons. Inc.
- Webb, E. 1915. *Character and intelligence: An attempt at an exact study of character*. Cambridge: University Press.
- Wissing, M.P., & Van Eeden, C. 1997, July. *Facing the challenge to explicate mental health salutogenically: Sense of coherence and psychological well-being*. Paper presented at the 55th Annual Convention of the International Council of Psychology. Graz. Austria.
- Wissing, M.P., & Van Eeden, C. 2002. Empirical clarification of the nature of psychological well-being. *South African Journal of Psychology*, 32, 32 – 44.
- Wissing, M.P. 1998, May. *Health psychology and psychological health: Explicating the (not so) obvious*. Paper presented at the Second Dutch Conference on Psychology and Health. Kerkrade, the Netherlands.
- Wissing, M.P., Temane, Q.M., Wissing, J., Khumalo, I.P., & Van Eeden, C. 2006, July. *Diversity in patterns of interpersonal well-being*. Paper presented at the 3rd European Conference on Positive Psychology. Braga: Portugal.